# GEDAGTE VIR DIE DAG

**"Die beste voorbereiding vir môre is deur vandag jou beste te doen"**

MIDSTREAM RIDGE EXCELLENTIA

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

**NUUSBRIEF 20** **20 OKTOBER 2021**

Geagte Ouers

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

In 'n oogwink staan ons aan die vooraand van nog 'n eksamen. Teen die tempo wat tyd vlieg, word ons maar net weer herinner om elke dag voluit te leef. Verandering is ook onomwonde deel van ons bestaan en *Midstream Ridge Laerskool* bly dit nie gespaar nie.
Juffrou Marie Slabbert tree aan die einde van die jaar af en gaan verseker aan die woord "pensioenaris" nuwe betekenis gee.
Juffrou Jamie Rossouw gaan nuwe "weivelde" in die buiteland soek.
Juffrou Zanika Burger asook juffrou Simonet de Villiers gaan ons ook verlaat.
Ons beste wense vergesel elkeen van hierdie dames met hul nuwe avonture in 2022. Dankie vir die bydrae wat u tot Midstream Ridge gelewer het.

Ouers moet asseblief kennis neem dat alvorens die Minister van Basiese Onderwys nie die huidige Covid-19 regulasies vir skole aanpas nie, geen toeskouers by sport- of kultuur-aktiwiteite toegelaat mag word nie. Ons deel u frustrasie en versoek u asseblief om geduldig te wees. Ons hou u op hoogte sodra die regulasies gewysig word.

## INLIGTING

### HOOFLEIERS 2021

Dit is met trots dat ons die hoofleiers van 2021 aan u bekendstel.

| | |
|---|---|
| **Hoofseun**<br>Juan-Corné Brand | **Hoofdogter**<br>Emma Otte |
| **Onderhoofseuns**<br>Ivan Pope<br>Maarten Nortjé | **Onderhoofdogters**<br>Shiloh Masvanhise<br>Sagwati Manyike |

Baie geluk aan hierdie seuns en dogters met dié besondere eer!

## EKSAMEN – NOVEMBER 2021

- **AFBAKENING / EKSAMENROOSTER**
  Ouers en leerders het reeds die afbakening ontvang. Die eksamenrooster is ook vir u gerief aangeheg.
- **EKSAMENSESSIE**
  Leerders moet asseblief stiptelik om 07:30 by die skool wees om die Covid-19-prosedures af te handel. Die eksamensessies begin stiptelik om 07:45 en eindig om 10:00.
  Let asseblief op die dae waarop die leerders Rekenaars skryf, die Afrikaanse leerders kom dan eers **09:30** skool toe en kom eers **11:15** uit. Daar is alternatiewe planne in plek in geval van beurtkrag.
- **SKRYFBEHOEFTES**
  Leerders bring 'n deurskynende pennesakkie met alle nodige skryfbehoeftes asook leerwerk vir die volgende dag skool toe.

## EKSAMENUITKOMTYE

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdag, 2 November 2021 | Graad 1 tot 7 | 12:00 |
| Woensdag, 3 November 2021 tot Dinsdag, 30 November 2021 | Graad 1 tot 3 | 12:00 |
| Woensdag, 3 November 2021 tot Vrydag, 19 November 2021 | Graad 4 tot 7 | 10:00 |
| Maandag, 22 November 2021 tot Dinsdag, 30 November 2021 | Graad 4 tot 7 | 12:00 |
| Woensdag, 1 Desember 2021 | Graad 1 tot 7 | 10:00 |

## WAGKLAS

Wagklasse sal vanaf 2 tot 30 November 2021 soos volg beskikbaar wees:

| | |
|---|---|
| Graad 1 en 2 | 12:00 tot 13:00 |
| Gaard 3 | 12:00 tot 13:30 |
| Graad 4 tot 7 | 10:00 tot 13:30 |

Volg asseblief die onderstaande skakel vir die *"Google Form"* om aan te dui of u van die wagklas wil gebruik maak, en die opsie wat u verkies: https://forms.gle/WRBSUeno4UaLj4xs6

## NASORGSENTRUM

Die nasorgsentrum, *@RakkerCare*, sal vanaf 2 tot 30 November 2021, vanaf 12:00 tot 17:30 funksioneer.

## SKRYFBEHOEFTES EN HANDBOEKE 2022

Dit is weer die tyd van die jaar om die nodige aankope van handboeke en skryfbehoeftes vir 2022 te doen. Vergewis uself van al die nodige inligting op die aangehegte pamflet. Let asseblief daarop dat geen aflewering gedoen word alvorens die pakket nie ten volle betaal is nie. Bestel eerder vroeër as later om teleurstelling te voorkom. By voorbaat dankie vir u flink bestellings.

## ATLETIEK – INTERHUISBYEEKOMS

Ons herinner u aan die byeenkoms wat op Donderdag, 21 Oktober van 15:00 tot 20:30, plaasvind. Ons versoek deelnemers vriendelik, tog dringend, om op te daag indien hul vir 'n item ingeskryf het. Ongelukkig kan geen ouers die byeenkoms bywoon nie.

## GEBRUIKTE SKOOLKLERE- EN BOEKWINKEL

Mev. Mariette van Heerden bestuur die gebruikte skoolklere- en boekwinkel. Indien u van u kind se klere en boeke ontslae wil raak, sal sy dit waardeer as u dit aan die winkel kan skenk. Sy betaal tot 20% skenkingskommissie vir klere wat nog in 'n goeie, bruikbare toestand is. U is ook welkom om haar te kontak indien u belangstel om goeie gebruikte skoolklere of boeke vir u kind te aan te koop.
Selfoonnommer: 083 839 9401 en E-posadres: vanheerdenm@gmail.com.

## KIDS CELEBRATION DOXA DEO

*Doxa Deo* hou 'n *Kids Celebration* op Vrydag, 22 Oktober 2021. Hiermee die skakel tot meer inligting rakende die geleentheid: https://youtu.be/vqT3liih6jQ. Leerders het ook reeds pamflette met inligting ontvang. Volg asseblief dié skakel om in te skryf: https://doxadeojhb.churchsuite.co.uk/events/pyosvuwx



Midstream Ridge Groete

**V HARMSE**
**SKOOLHOOF**

# EKSAMENROOSTER / EXAM TIMETABLE
# NOVEMBER 2021

| DAG / DAY | DATE / DATUM | GRAAD / GRADE 4 | GRAAD / GRADE 5 | GRAAD / GRADE 6 | GRAAD / GRADE 7 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Woensdag / Wednesday** | **3 Nov** | Wiskunde / Mathematics | Wiskunde / Mathematics | Wiskunde / Mathematics | Wiskunde / Mathematics |
| **Donderdag / Thursday** | **4 Nov** | Geskiedenis / History | English: Literature | Wetenskap / Science | Wiskunde / Mathematics |
| **Vrydag / Friday** | **5 Nov** | Wiskunde / Mathematics | Aardrykskunde / Geography | English: Language | Afrikaans: Taalleer |
| **Maandag / Monday** | **8 Nov** | Aardrykskunde / Geography | Wetenskap / Science | Aardrykskunde / Geography | Geskiedenis / History |
| **Dinsdag / Tuesday** | **9 Nov** | English: Comprehension | Afrikaans: Leesvaardigheid | Rekenaars / Computers<br>**Session 1:** Eng learners 07:45-09:30<br>**Sessie 2:** Afr leerders 09:45-11:15 | English: Comprehension |
| **Woensdag / Wednesday** | **10 Nov** | Afrikaans: Letterkunde | Wiskunde / Mathematics | English: Literature | English: Language |
| **Donderdag / Thursday** | **11 Nov** | Tegnologie / Technology | English: Language | English: Comprehension | Afrikaans: Leesvaardigheid |
| **Vrydag / Friday** | **12 Nov** | Afrikaans: Taalleer | Tegnologie / Technology | Afrikaans: Letterkunde | Aardrykskunde / Geography |
| **Maandag / Monday** | **15 Nov** | Wetenskap / Science | Geskiedenis / History | Geskiedenis / History | Wetenskap / Science |
| **Dinsdag / Tuesday** | **16 Nov** | Afrikaans: Leesvaardigheid | Rekenaars / Computers<br>**Session 1:** Eng learners 07:45-09:30<br>**Sessie 2:** Afr leerders 09:45-11:15 | Afrikaans: Leesvaardigheid | Tegnologie / Technology |
| **Woensdag / Wednesday** | **17 Nov** | English: Literature | Afrikaans: Letterkunde | Wiskunde / Mathematics | English: Literature |
| **Donderdag / Thursday** | **18 Nov** | Rekenaars / Computers<br>**Session 1:** Eng learners 07:45-09:30<br>**Sessie 2:** Afr leerders 09:45-11:15 | English: Comprehension | Tegnologie / Technology | Afrikaans: Letterkunde |
| **Vrydag / Friday** | **19 Nov** | English: Language | Afrikaans: Taalleer | Afrikaans: Taalleer | Rekenaars / Computers<br>**Session 1:** Eng learners 07:45-09:30<br>**Sessie 2:** Afr leerders 09:45-11:15 |

# Orders can now be placed @ Ridge Bookshop

## (www.ridgebookshop.co.za)

* Deliveries & tracking through a third party company
* Orders are exclusively for delivery to home or work address.
* Handling fees is kept as low as possible

**Only online orders accepted**

### Important information

- Our warehouse do not carry any stock.
- Books & Stationery will only be ordered from supplier, once full payment has been received.
- Fluctuation in the exchange rate can lead to price variances
- The availability of books is dependent on the stock levels of our suppliers.

Orders will only be processed once account is settled in full..

**Operating Hours**
Telephonically
07h00-09h00 & 16h00-18h00
Whatsapp & Email 07h00-18h00

Backorders will be handed out in class
*(as soon as it is available)*

Some books might have a waiting period of 12 weeks..

083 822 3405
midridgebooks@gmail.com

It is the customer's responsibility to ensure that they have placed the correct order, as dispatched orders can not be changed.